Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alle lof kom Allah toe, wie aan Sy dienskneg die openbaring van die Boek gestuur het, en geen afwyking van korrektheid daarin toegelaat het nie,

2. 'n Boek wat op die man af sonder doekies omdraai waarsku van 'n baie erge straf deur Hom, en goeie nuus bring aan die gelowiges wat goeie en regverdige dade doen, dat hulle 'n goeie beloning sal ontvang in die vorm van die Paradys,

3. waar hulle vir ewig sal woon,

4. en om diegene te waarsku wat sê dat Allah vir Homself 'n seun geneem het,

5. terwyl beide hulle en hulle voorvaders wat hierdie leuen gefabriseer het nie weet waarvan hulle praat nie. Daardie woorde wat uit hulle monde kom is 'n baie ernstige saak. Hulle praat niks anders as leuens nie.

Moenie jouself siek maak van bekommernis oor wie glo en wie nie

6. So, miskien gaan jy jouself doodtreur* as gevolg van jou bekommernis en hartseer indien hulle nie glo in die boodskap nie. (*K35:8)

7. Waarlik, Ons het alles wat op die aarde is, as 'n versiering vir die aarde gemaak, sodat Ons hulle kan toets om te sien wie van hulle is beter in hulle optrede en dade.

8. En waarlik, Ons gaan dit wat op die aarde is, verander in 'n dorre land.

Die jongmanne wat in die Grot skuiling gesoek het

9. Dink jy dat die Mense van die Grot en hulle name wat deur die regeerder van die dag op 'n gegraveerde tablet by die ingang van die Grot opgesit was, buitengewoon was ten opsigte van Ons Boodskappe en Bewyse?

10. Dit was toe die jongmanne skuiling gesoek het in die Grot en gesê het: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, seën ons met U genade en voorsien ons van leiding in hierdie aangeleentheid.”

11. So het Ons hulle toe vir 'n aantal jare aan die slaap raak raak in die Grot.

12. Daarna het Ons hulle weer wakker gemaak, sodat Ons kan weet watter van die twee groepe wat die aantal dae bereken het hoe lank hulle geslaap het, is reg.

13. Ons vertel vir julle die ware verhaal. Hulle was jongmanne wat in hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo het, en Ons het hulle toenemend begelei.

14. En Ons het hulle harte standvastig gemaak, en toe hulle wakker word, het hulle gesê: “Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemele en die aarde: en ons sal nooit enige ander god as Hy aanroep nie, want dan sal ons iets sê wat vêr van die waarheid is.

15. Hierdie is ons mense. Hulle het ander gode as Hy begin aanbid. Hoekom bring hulle nie duidelike bewyse in hulle guns nie? Wie kan meer verkeerd wees as diegene wat 'n leuen teen Allah fabriseer?

16. En wanneer julle, julle wegkeer van diegene af, en van dit wat hulle aanbid af, behalwe vir Allah, soek dan skuiling in die Grot en julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal Sy genade vir julle ontvou en dit vir julle maklik maak in hierdie aangeleentheid.”

Allah het hulle teen die son beskerm

17. Let op hoe Allah die manne in die Grot teen direkte sonlig beskerm het deurdat die son van Oos na Wes regoor die Grot beweeg het sodat direkte sonlig nooit by die ingang van die Grot ingeskyn het nie. Dit is een van die Boodskappe en Bewyse van Allah. Wie ook al Allah begelei is die een wat die regte weg verkry, en wie ook al Hy laat afdwaal: vir hom sal jy geen helper of leier vind nie.

18. En jy sou dink dat hulle wakker was terwyl hulle eintlik aan die slaap was. Ons het hulle op hulle ander sye gedraai, regs en links. En hulle hond het my sy voorpote uitgestrek gelê in die rigting van die ingang van die Grot. En as jy na hulle so sou sien, sou jy uit vrees van hulle af weggevlug het.

19. Ons hulle dan ook wakker gemaak in dieselfde toestand as toe hulle aan die slaap geraak het, terwyl hulle vir mekaar gevra het wat gebeur het. Een van hulle het gevra: “Hoe lank is ons nou al hier?” En die ander het geantwoord: “'n Dag of 'n deel van 'n dag.”Hulle het ook gesê: “Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste hoe lank jy nou al hier is.” So, stuur een van julle met hierdie silwer geldstuk na die stad toe en laat hy rondkyk vir die beste, skoon en rein eetgoed en dan van daar af kos saambring. En hy moet beleefd wees, en nie dat enigiemand agterkom van die ander nie.

20. Want indien hulle van julle weet gaan hulle julle forseer om oor te kom na hulle geloof toe, in welke geval julle nooit sukses sal vind nie.

'n Moskee opgerig ter ere van die manne van die Grot

21. Dit is die manier waarop Ons die manne van die Grot aan die inwoners van die stad bekendgestel het, sodat hulle sal besef dat Allah se belofte waar is en dat daar geen twyfel bestaan oor die Uur van die Laaste Dag, die Hiernamaals en die opstanding van die dode nie. Terwyl die inwoners van die stad onder mekaar geredeneer het, het hulle gesê: “Rig 'n gebou oor hulle op. Hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer ken hulle die beste.” Maar diegene wat die oorhand gekry het in die redenasie, het gesê: “Ons gaan verseker 'n Moskee oor hulle oprig.”

22. Sommiges sal sê daar was: “Drie, en die vierde een van hulle is hulle hond,” terwyl ander weer sal sê daar was: “Vyf, en die sesde een van hulle is hulle hond.” En daar is selfs ander wat sê: “Sewe, en die agste een van hulle is hulle hond.” Sê vir hulle: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste hoeveel daar eintlik was.” Niemand weet wie hulle was nie behalwe vir enkele mense, so moenie oor hulle argumenteer nie behalwe vir 'n voor die hand liggende argument. En moenie vir enigeen van hierdie oor hulle uitvra nie.

“Soos Allah wil” is bedoel om Allah se seën te vra en jou diensbaarheid te bely en nie om 'n stelling 'toevallig' of 'voorwaardelik' te maak nie

23. En moet nooit oor enigiets sê: “Ek gaan dit more doen,”

24. tensy jy ook sê: “soos Allah wil.” En indien jy sou agterkom dat jy vergeet het om dit te sê, gee dan erkenning aan jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer deur te sê: “Mag my Skepper, Voorsiener en Onderhouer my nader aan die regte weg lei, as dit.”

309 jaar in die Grot

25. En hulle was vir 309 jaar in die Grot.

26. Sê aan hulle: “Allah weet die beste hoe lank hulle in die Grot was. Aan Hom behoort die ongesiene en die gesiene van die hemele en die aarde - hoe goed sien Hy nie en hoe goed hoor Hy nie! Hulle het geen ondersteuner anders as Hy nie, en Hy laat niemand deel in Sy outoriteit: in Sy mag en gesag, nie.”

27. En dra voor dit wat aan jou geopenbaar is van die Boek van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Daar is niemand om Sy woorde te verander nie en jy sal nou 'n skuilplek naas Hom kan vind nie.

28. Wees tevrede met die geselskap, advies en medewerking van die arm en nederige mense om jou wat hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer soggens en saans aanroep in gebed, vir Sy Plesier, en moenie hulle miskyk terwyl jy die glans en prag van hierdie wêreldse lewe soek, deur net die Hoofde van die Mekkane en die Koreisj om jou te vergader nie. En moenie gehoorsaam wees aan 'n Leier van die Koreisj wie se hart Ons agtelosig gemaak het om Ons altyd in alles te onthou, en wat sy eie begeertes navolg en wie se optrede die beperkinge oorskry het nie.

Geloof of Ongeloof van Waarheid is 'n vrye keuse:

Die grusame beloning van die Ongelowiges

29. En sê: “Die waarheid is vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Nou, wie ook al wil kan glo en wie ook al wil kan dit ontken.” Waarlik Ons het vir diegene wat verkeerd doen 'n vuur voorberei, waarvan die mure hom heeltemal gaan omring. En indien hulle om hulp smeek sal hulle gehelp word met 'n dik, stinkende, swart, warm vloeistof wat hul gesigte sal verskroei. Ja ellendig is die water en sleg is die Vuur as 'n rusplek.

Die wonderlike beloning vir die gelowiges

30. Maar wat betref diegene wat glo en regverdige dade doen: natuurlik vermors Ons nie die beloning van diegene wat goeie dade doen nie.

31. Hulle is diegene vir wie daar ewige tuine is, met riviere wat daaronderdeur vloei. Hulle sal daarin versier wees met armbande van goud, en hulle sal geklee wees in groen kledingstukke gemaak van fyn sy en dik sy, terwyl hulle daarin agteroor neergevly lê op rusbanke. Uitstekend is die beloning en pragtig is die Tuin as 'n rusplek.

32. En gee aan hulle 'n voorbeeld. Daar was twee manne: aan die een het Ons twee druiweboorde gegee omring met dadelpalms met 'n ploegland tussenin.

33. Beide tuine het hulle vrugte voortgebring en niks daarvan weerhou nie en ons het selfs 'n stroom tussen die twee tuine deur laat vloei.

34. Die gevolg was dat dat die een man ryk geword het. So, terwyl hy toe met sy vriend gesels, sê hy vir hom ewe selfversekerd, spoggerig en windmakerig: “Ek is ryker as jy en sterker as jy: kyk al my besittings en mannekrag.”

35. Die ryk man gaan toe sy tuin binne terwyl hy homself hierdie groot onreg van ongeloof, rebellie, arrogansie en ontkenning aandoen en sê: “Ek dink nie dat dit wat ek hier sien ooit tot niet sal gaan nie

36. en ek dink ook nie dat die Uur van die Oordeelsdag ooit sal kom nie. En selfs al sou ek terugkeer na my Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe, sal ek verseker 'n nog beter plek as hierdie een kry om na toe te gaan, omdat ek baie dierbaar vir Hom moet wees.”

37. Terwyl hulle toe nou so gesels, toe sê sy vriend vir hom: “Glo jy dan nie in Hom wat jou uit stof geskep het, en toe van 'n druppel en jou toe tot 'n man gevorm het nie?

38. Wat my aan betref. Ek glo die feit dat Allah my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is en ek assosieer niemand met my Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie.

39. Hoekom het jy, toe jy jou tuin binnegegaan het, nie gesê nie: “Alles hier is soos wat Allah dit wil hê. Daar is geen mag behalwe dit wat Allah het nie”? As jy my as minderwaardig beskou in rykdom en kinders,

40. dan hoop ek dat my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan my dit sal gee wat beter is as jou tuin en aan joune 'n straf sal stuur uit die hemele sodat dit 'n kaal en verdroogde stuk aarde sal word.”

41. Of dat die watervlak in jou tuine so diep sal wegsak dat jy dit nooit weer sal kan bereik nie.

42. Dit het toe ook so gebeur dat die vrug van die man se tuine getref was deur vernietiging vanaf alle kante en hy daar angstig gestaan het met sy wringende hande oor wat hy daarin belê het en dit inmekaar geval het op die prieele terwyl hy sê: “Ek wens ek het nie vennote aan my Skepper, Voorsiener en Onderhouer toegeskryf nie.”

43. En daar was geen ondersteuners wat tot sy hulp kon kom nie, ander dan maar net Allah, en hy was ook nie in staat daartoe om homself te help nie.

44. Hieruit kan mens dus sien dat mag, outoriteit, beskerming en die koninkryk nou, en met die Oordeelsdag, inderwaarheid net by Allah te vinde is - Hy is die Waarheid. Hy is die beste om te beloon en te vergeld.

45. En gee aan hulle die voorbeeld van hierdie aardse lewe: dit is soos reënwater wat deur die plantegroei op aarde opgeneem word om lus te groei maar weer later in kaf verander wat deur die wind rondgewaai word. Allah het mag oor alles.

46. Rykdom en kinders is die versiering van hierdie aardse lewe maar van die goeie dinge, soos die beloning, wat by jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, is van ewigdurende waarde en beter om voor te hoop. (K3:14)

Stel jou voor: Die Oordeelsdag!

47. Stel jou die Oordeelsdag voor, wanneer Ons die berge sal wegskuif en julle die aarde blootgelê sal sien en Ons hulle bymekaar sal maak sodat nie 'n enkele een van hulle agtergelaat sal word nie.

48. En hulle sal in rye voor jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer gebring word, Wie aan hulle sal sê: “Inderdaad hier sien julle nou self! Julle het na Ons toe gekom net soos wat Ons julle oorspronklik geskape het. En in plaas daarvan om te glo dat so 'n Dag wel bestaan, het julle het daarop aanspraak gemaak dat Ons nie so 'n vasgestelde tyd vir julle het nie.”

49. En die boek met die rekord van alle mense se dade sal ook daar wees, wanneer julle vreesbevange skuldiges sal sien, en hulle sal hoor sê: “Arme ons: wat 'n ramp en ellende het ons getref met hierdie boek! Alles is daarin opgeteken, daar is niks kleins of groot daaruit weggelaat nie: alles is aangeteken.*” En hulle sal alles wat hulle gedoen het daarin aangeteken vind. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal niemand benadeel nie. (*K21:47)

Die slegte keuse van die navolgers van Iblis

50. En onthou toe Ons vir die engele gesê het: “Buig laag op die grond neer voor Adam.” So het hulle toe laag op die grond voor Adam neergebuig, behalwe vir Iblis. Iblis was een van die Jinn, en het oortree teen die opdrag van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Sal jy hom en sy nageslag: sy medewerkers en satansagente, dan as vriende, beskermers en helpers neem in plaas van vir My, terwyl hulle jou vyand is? So 'n keuse deur diegene wat verkeerd doen is maar 'n slegte opsie teen wat hulle kon gehad het.

51. Ek het hulle nie die skepping van die hemele en die aarde laat sien nie, en ook nie hulle eie skepping nie. En Ek is nie Een wat diegene wat mislei as helpers neem nie.

Die hulp van 'vennote' tydens die Oordeelsdag

52. En tydens die Oordeelsdag sal Hy sê: “Roep nou My 'vennote' wie julle as sodanig beskou het.” So sal hulle dan die 'vennote' roep maar hulle sal nie reageer op hulle geroep nie, en Ons sal 'n plek van chaos tussen hulle en hulle 'vennote' plaas.

53. En die sondaars sal die Vuur sien, sodat hulle sal weet dat hulle daarin gaan val en dat daar geen manier is waarop hulle dit sal kan vryspring of omseil nie.

Die Koran is so duidelik en volledig maar mense vind altyd fout

54. Ons het inderdaad in hierdie Koran alle moontlike onderwerpe op 'n verskeidenheid van maniere vir die mense verduidelik. Maar mense bly nou maar eenmaal twissoekerig, skoorsoekerig en rusiemakerig oor alles.

55. En niks anders het mense daarvan weerhou om te glo toe hulle leiding ontvang het, en om hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, om vergifnis te vra nie, as net maar hulle eise dat daar aan hulle ook dieselfde bewyse gegee word as as aan die volke voor hulle en dat die straf van aangesig tot aangesig tot hulle sou kom.

56. Ons stuur egter nie die boodskappers om enige ander rede nie, as net dat hulle die draers van goeie nuus en waarskuwings sal wees nie, en dan begin die ongelowiges met hulle twissery en dispute en met hulle vals argumente in 'n poging om die waarheid daarmee te vernietig en tot leuens te maak. En hulle het my boodskappe en bewyse en die waarskuwings wat aan hulle gegee is 'n bespotting gemaak.

57. En wie kan meer verkeerd wees as die een wat herinner was deur middel van die boodskappe en bewyse van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer maar wat sy rug daarop gedraai het en vergeet het wat sy eie hande vir homself vooruitgestuur het. Ons het hulle harte bedek sodat hulle dit nie verstaan nie, en 'n doofheid in hulle ore. En indien jy hulle na die regte weg toe roep, selfs dan sal hulle nooit leiding volg nie.

58. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Meesvergewende, die Eienaar van Genade. Indien Hy hulle sou vasvat vir wat hulle gedoen het, sal Hy maak dat hulle straf gou kom. Maar daar is egter vir hulle 'n vasgestelde tyd, waarvan hulle nooit ontvlugting sal kan vind nie.

59. Soos die dorpe en volkere van ouds wat Ons vernietig het toe hulle oortree het, vir wie daar ook 'n vasgestelde tyd vir hulle vernietiging was.

Moses en 'n jongman stap en verloor hulle ontbyt

60. Onthou jy ook toe Moses vir die jong manne gesê het: “Ek sal nie opgee nie totdat ek die plek bereik waar die twee oseane bymekaarkom nie, andersins sal ek vir jare aanhou.”

61. Toe hulle die plek bereik waar die twee oseane bymekaarkom, het hulle hul vis daar vergeet en het dit wonderbaarlik weer teruggegaan see toe, so asof dit in 'n tonnel was.

62. En toe hulle verder gaan, toe vra Moses vir die jongman: “Bring ons ontbyt want ons is nogal baie moeg na ons reis.”

63. Die jongman antwoord toe: “U sien, toe ons by die rots gerus het, het ek ons die vis daar vergeet. Dit was niemand anders as Satan wat my maak vergeet het om u nie daarvan te vertel nie: en wonder bo wonder het die vis teruggegaan see toe.”

64. Dit was toe dat Moses gesê het: “Dit is waarvoor ons gewag het.” So het hulle toe teruggekeer met dieselfde pad wat hulle gekom het.

65. Toe het hulle een van Ons diensknegte gevind wat Ons Geseën het met Ons genade en aan wie Ons van Ons eie kennis gegee het.

66. Daarop het Moses vir hom gesê: “Mag ek agter jou aankom op voorwaarde dat jy vir my bietjie van die regte kennis leer wat jy gegee is.”

67. Die man sê toe: “Moses jy sal nie met my geduldig kan bly nie.

68. Hoe gaan jy geduldig bly oor dinge wat jy nie kan begryp nie?”

69. Moses antwoord toe: “Jy sal vind dat ek, soos Allah wil, geduldig is en ek sal nie ongehoorsaam wees aan enige van jou opdragte nie.”

70. Die man sê toe: “Wel as jy my volg, moet my dan nie oor enigiets uitvra nie, tensy ek uit my eie jou daarvan vertel nie.”

71. Die twee stap toe in stilte aan tot waar hulle die boot moes haal. Daar gekom breek die man toe die boot deur een van die planke los te maak. Moses sê toe: “Hoekom breek jy die boot: wil jy hê dat die wat daarop reis moet verdrink? Jy het nou iets vreesliks gedoen.”

72. Die man antwoord toe: “Het ek nie vir jou gesê dat jy nooit daartoe in staat sal wees om met my geduldig te bly nie?”

73. Moses antwoord toe: “Moenie my verantwoordelik hou vir iets wat ek vergeet het nie. En moenie my belas met iets wat vir my baie moeilik is nie.”

74. Hulle stap toe voort tot waar hulle 'n seun teëkom, en die man die seun doodmaak. Daarop sê Moses: “Het jy nou 'n onskuldige mens doodgemaak sonder dat jy iemand anders se dood wreek? Jy het nou voorwaar iets afstootlik gedoen”

75. Die man sê toe: “Het ek nie vir jou gesê dat jy nooit daartoe in staat sal wees om geduldig met my te bly nie?”

76. Moses antwoord toe: “Indien ek weer hierna vir u enigiets vra, moet my dan nie toelaat om verder saam met u te reis nie. U het nou die punt bereik waar ek u 'n geldige rede gegee het om so te maak.”

77. Hulle gaan toe voort totdat hulle by die mense van 'n dorp kom: maar toe hulle die mense van die dorp vir kos vra, het die mense geweier om hulle gasvry te ontvang. Hulle kry toe daar 'n muur wat op die punt was om, om te val waarop die man die muur herstel en weer regop laat staan. Moses sê toe: “Indien u wou kon u hulle laat betaal het vir die muur se regmaak.”

Die verklaring vir die man se skynbaar onverantwoordelike optrede

78. Die man sê: “Dit is hier waar ons paaie skei. Ek sal nou vir jou die realiteit van die dinge verduidelik waaroor jy nie geduldig kon bly nie.”

79. Wat betref die boot: dit het behoort aan sekere arm mense wat op see gewerk het. Ek wou dit doelbewus onbruikbaar laat lyk deur een van die planke los te maak, omdat daar 'n koning oorkant die water was wat alle onbeskadigde bote met geweld by die eienaars daarvan afgevat het.

80. Wat die seun aan betref: sy ouers was gelowiges. Ons was bevrees dat hy opstand en ongeloof oor hulle sou bring.

81. Ons het daarom gewens dat hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer hom sou vervang met iemand beter as hy wat meer toegewyd is en meer liefdevol.

82. En wat betref die muur: dit het aan twee seuntjies in die stad behoort wat weeskinders was: onder die muur is daar vir hulle 'n skat weggesteek en hulle Pa was 'n baie toegewyde man. So, dit is die wil van jou Skepper, Voorsiener ven Onderhouer dat hulle opgroei sodat hulle sodra hulle volwassenheid bereik hulle skat kan uit grou: 'n genade van jou Skepper, Voorsiener ven Onderhouer. Ek het nie hierdie dinge uit my eie gedoen nie. Dit is die realiteit van die dinge waaroor jy nie geduldig kon bly nie.

83. Hulle vra jou uit oor Dhul-Qarnain. Sê vir hulle: “Ek gaan nou aan julle 'n deel van die verhaal oor hom vertel.”

84. Waarlik, Ons ons het aan hom mag hier op aarde gegee en aan hom 'n weg tot alles wat hy benodig het, voorsien.

85. So, hy gaan toe op reis,

86. totdat hy die verste punt in die weste bereik het, en hy by 'n troebel watermassa gekom het wat so groot was dat dit vir hom gelyk het asof die Son daar doer in die water ondergaan. Hy vind toe daar naby 'n volk.. Ons sê toe: “Dhul-Qarnain, besluit jy maar wat jy met hierdie ongelowiges gaan doen: jy kan hulle of nou straf vir hulle ongeloof of goed wees vir hulle.”

87. Hy sê toe: “Wat betref diegene wat nie glo wat ek hulle gaan vertel nie, en oortree, ons sal hulle straf, waarna hy na sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer terugkeer, Wie hom ook sal straf, met 'n baie slegte straf.

88. Maar wat betref diegene wat glo en regverdig optree, hy sal die beste beloning ontvang in die Hiernamaals, en ons sal aan hom goed behandel en mooi met hom praat.”

89. Daarna het hy verder gereis op 'n pad wat...

90. ...hom geneem het tot by die plek waar die Son in die ooste opkom: en hy vind dat dit opkom oor 'n volk vir wie Ons geen beskerming daarteen gemaak het nie: hulle het sommer so in die oopte gewoon sonder huise of skadu.

91. So was dit. En Ons het alles van hom af geweet.

92. daarna het hy 'n pad gevolg wat hom tussen die twee berge gebring het, en hy aan weerskante daarvan 'n volk gevind het wat skynbaar nie 'n woord verstaan het van wat hy gesê het nie.

93. Hulle sê toe: “O Dhul-Qarnain, die Gog en die Magog is kwaaddoeners op die aarde. Ons sal aan jou 'n inkomste bewillig op voorwaarde dat jy 'n versperring tussen ons en hulle oprig.”

94. Hy sê toe: “Dit wat my Skepper, Voorsiener en Onderhouer onder my beheer geplaas het is beter, so help my met krag en ek sal 'n verskansing tussen julle en hulle oprig.

95. Bring vir my ysterstawe.”

96. Hulle gaan toe so voort totdat hy die gaping tussen die twee berge gelyk gemaak het, en hy sê: “Blaas.” Hulle doen toe so totdat hy dit soos vuur gemaak het en hy weer sê: “Bring vir my gesmelte koper en ek sal dit hieroor gooi.”

97. Die gevolg was dat Gog en Magog nie in staat was om oor dit te klim of 'n gat daarin te maak nie.

98. Hy sê toe: “Hierdie is 'n genade van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Wanneer die belofte van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer dan kom, sal Hy dit met die grond gelykmaak. En die belofte van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is altyd waar.”

99. En tydens die Oordeelsdag, sal Ons die Gog en die Magog los om soos golwe oor mekaar te gaan. En die Horing sal geblaas word waarna Ons hulle bymekaar sal maak.

100. En op daardie dag sal ons die Hel ten volle ontbloot voor die ongelowiges bring,...

101. voor hulle wie se oë bedek was teen My aanmanings, en hulle was nie in staat om te luister nie.

102. Beskou die ongelowiges dit dan as betaamlik dat hulle My diensknegte, die engele en die profete, vertrou om na hulle behoeftes om te sien? Waarlik, Ons het die Hel as 'n rusplek, blyplek en plek van vermaak voorberei.

103. Mohammed, sê vir hulle: “Moet Ons julle vertel van die grootste verloorders ten opsigte van hulle dade?

104. Dit is diegene wie se pogings tydens hierdie aardse bestaan verlore gegaan het terwyl hulle onder die indruk is dat hulle goed vaar.

105. Dit is diegene wat nie geglo het in die boodskap en bewyse van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en in die komende ontmoeting met hom, nie: so hulle dade het verlore gegaan en ons sal daaraan geen waarde heg nie.

106. Dit is hulle straf: die Hel, omdat hulle nie geglo het nie en van my boodskappe en bewyse 'n bespotting gemaak het.

107. Waarlik, diegene egter wat geglo het en regverdige dade gedoen het, hulle rusplek, blyplek en plek van vermaak is die Tuine van die Paradys: 'n groen vallei met vrugte en blomme,

108. waar hulle vir ewig sal woon en geen begeerte sal hê om daar weg te gaan nie.”

109. Sê verder vir hulle: “As die hele oseaan vol ink sou wees waarmee die Woorde van Wysheid, Boodskappe en Bewyse van Allah neergeskryf moes word, sou die oseaan opgebruik gewees het voordat die Woorde van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer klaar was, selfs al sou ons nog so 'n oseaan gebring het.” (K31:27)

110. Sê ook vir hulle: “Kyk, ek is maar net 'n mens soos julle: en dit is aan my geopenbaar dat julle God net Een God is. So, die een wat hoop om sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer te ontmoet, moet regverdige dade doen en niemand in aanbidding met sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer assosieer nie.”